**NOTULE VAN NUM-NUM HUISEIENAARSVERENIGING GEHOU OP 13 FEBRUARIE 2010 OM 18H00 TE VEGKOPWEG, HARTENBOS.**

**Teenwoordig:**

| | | |
|---|---|---|
| **R Brits** | **Voorsitter** | **RB** |
| **D Johnston** | **Trustee** | **DJ** |
| **P Kamfer** | **Trustee** | **PK** |
| **E Jacobs** | **Trustee** | **EJ** |

**RB heet almal welkom en die vergadering word geopen.**

**Die Notules van die Algemene Jaarvergadering gehou op 5 Januarie 2010 word aanvaar deur alle Trustees.**

**Sake voortspruitend uit notules:**

**a. Die finansiële state is nog by die boekhouers en behoort in April gefinaliseer te wees en sal gestuur word aan alle huiseienaars.**

**b. Die belegging is verhoog vanuit die kredietbalans op die tjekrekening. Die balans van die belegging is tans R200 946.00.**

**c. Die kwotasie vir die herseel van die paaie is nog nie ontvang vanaf Herman Ferreira nie, en sal deur RB voor die volgende vergadering aangevra word.**

**d. A.g.v gras wat in die droë maande minder gesny word het Van Zyl Ontbosting het 'n laer kwotasie gegee. Daar sal ook met Van Zyl Ontbosting bespreek word oor die wegneem van die toiletgeriewe, wat tans R350.00 per maand beloop. RB sal dit met Van Zyl Ontbosting bespreek en terugvoering sal gegee word in volgende vergadering.**

**d. Die komposgat is gedoen deur Marracon op erf 18750 buitekant Num-Num. Dit is nie groot genoeg nie en DF en RB sal reel om dit 2x groter te maak.**

**e. Verslapping van Argitektoniese bouregulasies is nie op hierdie vergadering bespreek nie, en sal in die toekoms in diepte bespreek word.**

**f. 'n Boktelling is een aand gedoen deur Francoise Johnston, DJ en RB. Daar is saamgestem dat daar tans ± 22 Bosbokke, ±5 Duikers en 2 Springbokke is. EJ bespreek om ander diere soos bv Emu's in te bring op Num-Num. Dit sal bespreek word na verdere ondersoek.**
**Daar word 3 keer per week aanvangspille vir die bokke uitgesit aangesien die gras droog is en nie voedsaam nie.**

g. Chris Jacobs (CJ) het ‘n prys vir brand unit gekry. Die praktiese uitvoerbaarheid daarvan is bespreek voor aankoop van so ‘n unit. ‘n 4x4 voertuig sal gebruik moet word om dit te sleep en daar is daarteen besluit. Brandkrane en -pype sal deur DJ en CJ ondersoek word en by die volgende vergadering bespreek word.

Nuwe Sake en Algemeen

Piet Kamfer – boukontrak en deposito.
Die boukontrak is vir Piet Kamfer gegee, dit plus die boudeposito sal deur die HEV ontvang word alvorens bouwerk begin op sy erf. Die bouplanne is nog by die Munispaliteit vir goedkeuring.

Instandhouding van buitenste bruggie
DJ noem dat die dwarsbalke vrot word en daar is al 5 uitgehaal om minder onooglik te lyk. ‘n Kwotasie is van The Deckman ontvang en ‘n 2de kwotasies sal van James Johnston verkry word. Die Trustees sal die 2 kwotasies bespreek.

Naambord vir Aalwyndalpad
FJ het ‘n naambord teen ‘n baie goedkoper prys in Kaapstad gekry en DJ sal die oprigting reel.

Bome
PK bespreek die moontlikheid om Wilgerbome langs die dam te plant. DJ noem dat die reëls en goedkeuring van die ROD ten alle tye in ag geneem moet word. Slegs inheemse bome mag aangeplant word. ‘n Afskrif van ROD vir Trustees, word hiermee aangeheg. (aandag aan punt 4.5 )

‘n Lys van plaaslike inheemse bome, struike en plantegroei sal ondersoek word alvorens op algemene areas van Num Num geplant word.

‘n Datum vir die volgende vergadering sal met die Trustees bespreek word.